# INDEX INHOUDSOPGAWE


| INDEX | INHOUDSOPGAWE | |
|---|---|---|
| HISTORY OF THE SCHOOL | GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL | 2 |
| MESSAGE FROM THE PRINCIPAL | BOODSKAP VAN DIE SKOOLHOOF | 3 |
| SCHOOL MISSION / AIMS / MOTTO / TEXT | SKOOLMISSIE / DOELSTELLINGS | 4 |
| CODE OF HONOUR | EREKODE | 5 |
| ADMISSION REQUIREMENTS | TOELATINGSVEREISTES | 6 |
| LEGAL ACTION | REGSBEPALINGS | 6 |
| SUSPENSION & EXPULSION | SKORSING en UITSETTING | 7 |
| SCHOOL FEES | SKOOLGELDE | 7 |
| SCHOOL BUSES | SKOOLBUSSE | 8 |
| COURSES OFFERED | KURSUSSE AANGEBIED | 9 |
| MINIMUM REQUIREMENTS | MINIMUM VEREISTES | 9 |
| SPORT / CULTURE | SPORT / KULTUUR | 10 |
| ACTIVITIES / LEADERSHIP / SERVICES | AKTIWITEITE / LEIERSKAP / DIENS | 11 |
| COLOUR AWARDS | KLEURETOEKENNINGS | 11 |
| SCHOOL UNIFORM | SKOOLUNIFORM | 12 |
| SPORTSWEAR | SPORTDRAG | 12 |
| SCHOOL SONG and NATIONAL ANTHEM | SKOOLLIED en VOLKSLIED | 13 |
| SCHOOL BADGE | SKOOLWAPEN | 13 |



**CONTACT DETAILS:** **KONTAKBESONDERHEDE:**

e-mail: principal@hhadmin.co.za
website: hermanushigh.co.za
Moffat Street, P.O. Box 132

Tel.: 028-3123760
Fax: 028-3130814
HERMANUS,7200

# THE HISTORY OF HERMANUS HIGH SCHOOL

Hermanus High School will be celebrating its seventy-fifth anniversary in 2016, but its roots stretch back far beyond 1941 the year in which the school received official high school status.

Legend has it that the first school, St. Peter's Mission School, was founded in 1868. The Dutch Reformed Church School was founded in 1884 and in 1897 the two schools amalgamated into what became the public school.

Construction on the famous stone building began in 1907 and it was officially occupied in 1911. In 1918 the school received primary school status under Mr S.G. du Toit as headmaster. Gradually the school expanded until in 1941 it was awarded high school status.

The first matric class wrote their examinations in December 1942. A shortage of facilities made teaching difficult and there followed a struggle between the school and the Education Department to obtain more classrooms. Eventually construction began on a new school in 1974 and in 1977 the High School moved to its present home.

The school currently boasts excellent facilities including a gymnasium, six netball courts, four tennis courts, three rugby fields, two cricket pitches, three hockey fields and two well-equipped computer centres; these being just some of the more recent additions to the school.

From its humble beginnings in 1941 with only 60 learners, Hermanus High School has grown in stature to where it is now regarded as a leader in academic, sporting and cultural affairs, with 890 learners.

# GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL

Alhoewel die Hoërskool Hermanus sy vyf-en-sewentigste herdenkingsjaar in 2016 gaan vier strek sy wortels veel verder die verlede in as 1941 toe die skool amptelik hoërskoolstatus verkry het.

Volgens oorlewering is die eerste skool, nl. die St. Peter's Mission School in 1868 gestig. In 1884 is die NG-Kerkskool gestig en in 1897 het dié twee skole saamgesmelt en die Publieke Skool geword.

Bouwerk aan die bekende klipgebou het in 1907 begin en is gedurende 1911 as skool in gebruik geneem. Die skool bereik in 1918 Primêre Skoolstatus met mnr S.G. du Toit as die skoolhoof. Stadig maar seker het die skool gegroei tot dit in 1941 hoërskoolstatus verkry het.

In Desember 1942 skryf die eerste matriekklas van die Hoërskool Hermanus eksamen.

'n Gebrek aan die nodige fasiliteite maak onderwys moeilik en 'n stryd om meer klaskamers ontstaan tussen die skool en die onderwysdepartement. Eindelik begin bouwerk aan 'n nuwe skool gedurende 1974 en in 1977 verhuis die Hoërskool na die nuwe tuiste.

Die skool beskik tans oor pragtige fasiliteite waarvan ‘n gimnasium, 6 netbalbane, 4 tennisbane, 3 rugbyvelde, 2 krieketkolfblaaie, 3 hokkievelde en 2 goedtoegeruste rekenaarlokale maar enkele van die toevoegings is wat deur die skool in die afgelope jare bygevoeg is.

Die skrale 60 leerders van 1941 het geleidelik tot die huidige 890 gegroei. Dié fenominale groei, veral die afgelope 10 jaar, het Hoërskool Hermanus as 'n toonaangewende skool in die Overberg gevestig.

# MESSAGE FROM THE PRINCIPAL

Hermanus High School is a co-educational, dual-medium (English and Afrikaans) school with an educational ethos based upon sound Christian values. If one is to read through the mission statement and aims of the school it becomes apparent that Hermanus High School believes that a true education extends well beyond the classroom. Supplying every learner with the best possible academic opportunity available remains our firm priority, while it is ultimately the aim of the school to produce well-balanced and responsible young adults who will be able to take their place in society. In order to do this Hermanus High School strives to ensure an effective education focusing not only on high academic standards but also through offering opportunities in the sporting, cultural and service spheres of life. Hermanus High School is no ordinary school and the high standard of education your child will receive here is largely due to a team of well qualified, experienced and motivated staff.

The school’s outstanding academic results speak for themselves while the number of provincial and national representatives produced on the sports field is indeed impressive. From a cultural perspective there are very few schools which offer the variety of opportunities that Hermanus High School does.

The history of the Hermanus Schools stretches as far back as 1868 with the first matric class writing their final exams in 1941. This proud history has ensured a culture and tradition in the school that cannot be bought or created overnight. Together with this tradition come the old school values of respect, manners and firm discipline. All these fine old educational values form an important part of the education offered at the school.

The school’s contented parents and happy learners are testimony to the quality of the education offered. I would encourage anyone interested in applying to Hermanus High School to speak to any of our parents or learners to confirm the quality of the school’s education. Alternatively, please feel free to make an appointment to see me. I would be happy to introduce you to the school and discuss any queries or questions you may have.

G. HASSENKAMP
PRINCIPAL

# BOODSKAP VAN DIE HOOF

Hoërskool Hermanus is ‘n ko-opvoedkundige, dubbelmediumskool (Engels en Afrikaans) met ‘n opvoedkundige etos wat op sterk Christelike waardes gefundeer is. Die missie en die doelwitte van die skool beklemtoon dat die opvoeding hier wyer as die klaskamer strek.

Alhoewel dit steeds ons hoogste prioriteit is om aan elke leerder die akademiese geleentheid te bied, is dit ook ons doelwit om gebalanseerde en verantwoordelike jongmense wat hul plek in die gemeenskap kan volstaan, voor te berei. Om dit moontlik te maak, streef Hoërskool Hermanus daarna om effektiewe opvoeding daar te stel deur nie slegs op die akademie te fokus nie, maar ook op sport, kultuur en dienslewering aan die gemeenskap.

Hoërskool Hermanus is geen doodgewone skool nie en die hoë standaard opvoeding wat u kind hier ontvang, is a.g.v. ‘n toegewyde goed-opgeleide en gemotiveerde span opvoeders.

Die skool se uitstaande akademiese prestasies spreek vanself, asook die aantal provinsiale en nasionale sportprestasies. Hoërskool Hermanus is een van min skole wat ‘n groot verskeidenheid kultuuraktiwiteite bied.

Die geskiedenis van Hoërskool Hermanus strek sover terug as 1868 en die eerste matriekklas het hul eindeksamen in 1941 voltooi. Hierdie trotse geskiedenis het ‘n kultuur en tradisie gevestig wat nie oornag gekoop of geskep kan word nie. Hierdie tradisie bewerkstellig die ou opvoedkundige waardes van respek, goeie maniere en ferm dissipline. Hierdie opvoedkundige waardes vorm ‘n belangrike deel van die opvoeding by hierdie skool.

Die skool se tevrede ouers en gelukkige leerders getuig van die gehalte van die opvoeding by Hoërskool Hermanus. Indien u daarin sou belangstel om aansoek te doen, moedig ek u aan om met enige van die ouers en leerders te gesels en bevestiging hiervan te kry.

Andersins voel asseblief vry om ‘n afspraak met my te maak. Dit sal vir my aangenaam wees om u aan die skool bekend te stel en enige vrae of navrae te beantwoord.

G.J. HASSENKAMP
SKOOLHOOF

## VISION

We are committed to developing the full potential of each learner and inspiring them to follow their dreams.

## MISSION STATEMENT

We strive to ensure unity so that the potential of both educators and learners will be realised through the adoption of Christian values as guiding principle of our school

- by respecting diversity;
- by instilling respect as our core value;
- through a balanced curriculum in academic, sporting, service and cultural spheres;
- through a positive, nurturing, disciplined and challenging environment;
- in developing skills and abilities needed for life;
- in inspiring their ability to pursue their dreams.

A holistic education and worthy citizenship is our ultimate goal.
Hermanus High School subscribes to the Bill of Rights.

## AIMS

Hermanus High School bases its teaching on Christian and established educational principles; its goal is to help educate learners towards becoming well-balanced and responsible young people who will be able to take their place in society.

The following general aims are pursued in order to realise this goal:

* Academic involvement is regarded as the most important component of the education task of a school and all learners must be encouraged to achieve their academic potential through regular and effective study;

* Learner participation and involvement in school sport and societies must be encouraged in order to foster the necessary group and social development of the learners so that a sense of camaraderie and a school spirit may develop;

* The image of the school must be enhanced through the positive involvement of the school in the community; and

* A salutary environment must be created in which firm, sympathetic discipline enables learners to enjoy a maximum of opportunities, and affords them the chance to cultivate healthy self-discipline.

**MOTTO**:

***Horas signo tempus fugit***
"Hours signify (that) time flies"

**SCHOOL TEXT : Philippians 4 : 8**

***In conclusion, my brothers, fill your minds with those things that are good and that deserve praise; things that are true, noble, right, pure, lovely and honourable.***

## VISIE

Ons is toegewyd om die volle potensiaal van elke leerder te ontwikkel en hulle te inspireer om hulle drome te volg.

## SKOOLMISSIE

Ons strewe na uitnemendheid en wil verseker dat die potensiaal van alle leerders ‘n werklikheid word.

- deur die aanneming van Christelike waardes as leidende beginsels deur diversiteit te respekteer;
- deur respek as die kern waarde in te prent;
- deur ‘n gebalanseerde kurrikulum in akademie, sport, diens en kultuur;
- deur vaardighede en bekwaamhede vir die lewe vorentoe te kweek;
- deur hulle te inspireer om hulle drome te verwesentlik.

‘n Holistiese onderwys en uitstaande burgerskap is ons finale doelwit.
Die Hoërskool Hermanus onderskraag die Handves van Menseregte.

## DOELSTELLINGS

Hoërskool Hermanus strewe om vanuit ‘n Christelike en gefundeerde opvoedkundige beginsels, leerders te help opvoed tot goedgebalanseerde en verantwoordelike jongmense wat hul plek in die samelewing kan volstaan.

Die volgende algemene doelstellings word nagestreef ten einde die oorkoepelende doelstelling te probeer bereik:

* Waar die akademie as die belangrikste komponent van die opvoeding beskou word, moet alle leerders aangemoedig word om deur gereelde en effektiewe studie hul akademiese potensiaal te bereik.

* Leerderdeelname en -betrokkenheid by skoolsport en skoolverenigings moet aangemoedig word ten einde die noodsaaklike groeps- en sosiale ontwikkeling van die leerders aan te help en ten einde 'n samehorigheidsgevoel en skoolgees uit te bou.

* Die beeld van die skool moet in die gemeenskap uitgedra word deur die skool se positiewe betrokkenheid in die gemeenskap.

* Vir die leerders moet 'n heilsame milieu geskep word waar ferme, maar simpatieke dissipline optimale geleenthede vir die aankweek van 'n gesonde selfdissipline bied.

## LEUSE

***Horas signo tempus fugit***
**"Ure is belangrik, die tyd vlieg"**

## SKOOLTEKS **Fillipense 4 : 8**

***Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees daarop moet julle julle gedagtes rig.***

**CODE OF HONOUR**

We will make God's Word the guiding
principle of our lives

* * * * * * * * * * * * * *

We will endeavour to serve our country
with the highest and best in us

* * * * * * * * * * * * * *

We will love and honour our mother-tongue and likewise
honour and respect the other official languages

* * * * * * * * * * * * * *

We will respect and obey our parents and superiors

* * * * * * * * * * * * * *

We will strive to lead pure lives physically and spiritually

* * * * * * * * * * * * * *

We will strive to show friendliness and courtesy

* * * * * * * * * * * * * *

We will strive to acquire knowledge and wisdom

* * * * * * * * * * * * * *

We will be faithful to our school, uphold its good name
and protect its honour in every sphere

* * * * * * * * * * * * * *

We will aim for unity and co-operation

* * * * * * * * * * * * * *

Where duty calls, we will serve cheerfully

## EREKODE

Ons sal God se Woord die rigsnoer van ons lewe maak

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal ons volk probeer dien met die hoogste
en edelste in ons

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal ons Moedertaal liefhê;  dit altyd in ere
hou en ook die ander landstale respekteer

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal ons ouers en meerderes respekteer
en gehoorsaam

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal geestelik en liggaamlik
'n rein lewe probeer lei

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal vriendelikheid en hoflikheid nastreef

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal wysheid en kennis najaag

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal getrou wees aan ons skool en sy roem
en eer op elke gebied probeer handhaaf

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal by mekaar staan en saamwerk

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

Ons sal, waar plig ons roep, blymoedig dien

# 1. ADMISSION REQUIREMENTS

The learner must meet the requirements for admission as determined by the Principal and the Governing Body from time to time. The decision by the chairperson of the Governing Body, after consultation with the Principal, is final. New learners will only be accepted provisionally until their previous school has been consulted and a valid report of academic achievements is received.

## 1.1 ETHOS

Learners and parents are requested to respect the ethos and Christian character of the school which is evident in all school activities.

## 1.2 LANGUAGE

In grades 8 and 9 the classes are given in parallel medium. In grades 10, 11 and 12 classes are given in dual medium. The languages used in our school are English and Afrikaans.

## 1.3 COMPULSORY SCHOOL FEES

The learner's parents will pay the compulsory school fees as determined by the Governing Body from time to time, which is in keeping with the agreement about payment of fees as laid down in the South African Schools' Act.

## 1.4 AGE

1.4.1 The applicant must submit a birth certificate and / or identity document on application.

1.4.2 The applicant's age must, under normal circumstances, fall within two years of the average age of the class.

## 1.5 CODE OF CONDUCT

In the event that this application for admission is successful, the Parent/Guardian needs to sign the **Undertaking document** and then ensure that the Learner:

- abides by the rules of the school;
- upholds and promotes the school's norms and traditions;
- follows all prescriptions and instructions;
- reads and understands the Code of Conduct and abides by it.

# 1. TOELATINGSVEREISTES

Die leerder sal aan die toelatingvereistes van die skool voldoen soos van tyd tot tyd deur die Skoolhoof en die Beheerliggaam bepaal. Die besluit van die voorsitter van die Beheerliggaam, na oorlegpleging met die Skoolhoof en die Beheerliggaam, is finaal. Nuwe leerders word slegs voorlopig toegelaat totdat daar met die vorige skool geskakel is en ‘n geldige verslag van akademiese prestasie ontvang het.

## 1.1 KARAKTER (ETOS)

Vereenselwiging met, en uitlewing van die skool se ETOS en Christelike karakter tydens alle skoolaktiwiteite.

## 1.2 TAAL

In graad 8 en 9 word die klasse in parallel-medium aangebied. Graad 10, 11 en 12 is die klasse in dubbelmedium. Die tale van aanbieding is Afrikaans en Engels.

## 1.3 VERPLIGTE SKOOLFONDSBYDRAES

Dat die leerder se ouer die verpligte skoolfondsbydraes, soos van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal, ten opsigte van die leerder sal betaal, ooreenkomstig die betaal- en invorderingsterme neergelê in die Suid-Afrikaanse Skolewet.

## 1.4 OUDERDOM

1.4.1 Die aansoeker moet 'n geboortesertifikaat en / of identiteitsdokument met die aansoek voorlê.

1.4.2 Die ouderdom van die aansoeker moet onder normale omstandighede binne 'n twee-jaargrens van die gemiddelde klasouderdom val.

## 1.5 GEDRAGSKODE

Indien hierdie aansoek om toelating suksesvol is, moet die Ouer die **Ondernemings-vorm** teken en verseker dat die Leerder:

- die skoolreëls sal nakom;
- die skool se norme en waardes sal eerbiedig;
- die voorskrifte en instruksies sal volg;
- die Gedragskode lees en verstaan en sal eerbiedig.

### 1.6 POLICY with regards to ALCOHOL and DRUG USE / ABUSE

The school has a Policy with regard to the above and it is available from the office should you wish to peruse it.

### 1.7 LEGAL ACTION

According to Article 8(2) of the SA School's Act 8(2), 84 of 1996 the purpose of the code of conduct is "to establish a disciplined and purposeful school environment which is aimed at the furthering and maintenance of the learning process". These rules of conduct recognize the following: The Education laws, Basic Human Rights law and the Code of Conduct for the staff. Transgressors will be punished according to the seriousness of the transgression in accordance with the above Act. In serious cases this could result in suspension or expulsion.

## 2. FEES PAYABLE

### 2.1 SCHOOL FEES

School fees are determined by the school's Governing Body and are approved by the parents of the school. The school is legally entitled to collect these fees, and payments are to be made to the school bursar or paid directly into the school's banking account. If, at any time, payment does not comply with the conditions agreed to, the full amount outstanding shall become due and payable immediately by the parents without further notice.

Should it become necessary that the outstanding account be handed over to the school's attorneys for collection, the parents shall be liable for all legal costs (including collection commission and tracing fees).

## Parents have four options when paying the school fees.

### 2.1.1 Methods of Payment

A. Monthly debit order (recommended by the Governing Body).
B. Monthly cash or cheque payment at the office.
C. Monthly Internet payment.
D. Full amount before or on 7 February (a discount on annual fees may apply).

### 1.6 BELEID t.o.v. ALKOHOL- EN DWELMGEBRUIK/MISBRUIK

Die skool het ‘n Beleid t.o.v. bogenoemde en dit is verkrygbaar by die kantoor as u dit verlang.

### 1.7 REGSBEPALINGS

Leerders wat enige van bogenoemde reëls oortree, sal gestraf word na gelang van die erns van die oortreding en in ooreenstemming met die magte en bevoegdhede wat deur die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988, Wet op Kindersorg, 1983, Departementele Omsendbrief 77/98, Die Suid Afrikaanse Skolewet 1996 (wet 84 van 1996) en Kennisgewing 776 van 1998 No 18900 (Staatskoerant 15.05.1998) aan die Skoolhoof of sy gemagtigde verleen word. Enige ernstige oortreding kan met skorsing en uitsetting gestraf word en die volgende prosedure soos vervat in die RIGLYNE vir oorweging deur Beheerliggame in die aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders sal gevolg word.

## 2. FOOIE BETAALBAAR

### 2.1 SKOOLGELDE

Skoolgelde word jaarliks deur die skool se Beheerliggaam vasgestel en deur die skoolouers goedgekeur. Die skool is geregtelik verplig om die gelde te verhaal en aan die finansiële sekretaresse te oorhandig of direk in die skool se bankrekening te deponeer. Indien betaling nie aan die vereistes wat vasgestel is, voldoen nie, sal die uitstaande bedrag as verskuldig beskou word en sal onmiddellik deur die ouer betaalbaar wees.

Indien dit nodig word dat die uitstaande bedrag deur 'n prokureur ingevorder moet word, sal alle regskoste (kommissie en verhalingskoste ingesluit) deur die ouer gedra word.

## Ouers het vier keuses om skoolgeld te betaal:

### 2.1.1 Keuse om skoolgelde te vereffen

A. Maandelikse debietorder (aanbeveel deur die Beheerliggaam)
B. Maandeliks kontant of tjek by kantoor
C. Maandeliks Internetbetaling
D. Volle bedrag voor of op einde Februarie (‘n korting op jaarlikse bedrag toegestaan).

### 2.1.2 NTT Development Fund

In addition to the school fees, an amount is payable to the NTT Development Fund, which covers notes, LO T-shirt and transport.

### 2.1.3 Bank Charges

The Governing Body has also decided that any bank charges, debited to the school's account as a result of dishonoured cheques and/or debit orders, will be debited to the defaulting parent's school account.

### 2.1.4 State Subsidy

Should the Western Cape Education Department allocate subsidies for the year, a state subsidy will be granted to those parents who qualify for it. The amount is determined according to the total income of both parents. The outstanding balance must be settled by the parents. A subsidy application form may be collected, completed and returned to the school's financial secretary before the end of February.

## 2.2 BUS FEES

Bus fees for individual bus routes can be obtained from our financial secretary.

### 2.2.1 Means of Payment

***Only ONE*** means of payment will be accepted, i.e. the ***full*** amount for the term must be paid ***in advance within the first week of each school term***. **NO** exceptions will be made. Should a parent / guardian qualify for a state subsidy (see par.2.1.4), the fees will be adjusted accordingly. We make use of a bus service that does not belong to the school or the Department of Education and must adhere to its payment requirements.

### 2.2.2 Bus routes:

Kleinmond – Botriver – Fisherhaven – Hawston;

Gansbaai – Stanford – Voëlklip;

Onrusriver; Sandbaai and Mount Pleasant.

Learners are transported free of charge to all sporting events and our sports organiser is responsible for all transport arrangements.

### 2.1.2 NTV Ontwikkelingsfonds

Buiten die skoolfooi is ‘n bedrag ook aan die NTV Ontwikkelingsfonds betaalbaar wat notas, LO-T-hemp en vervoer insluit.

### 2.1.3 Bankkostes

Die Beheerliggaam het ook besluit dat enige bankkostes wat teen die skool se rekening gedebiteer word as gevolg van tjeks en / of debietorders wat onbetaald teruggestuur word, teen die ouer se skoolrekening gedebiteer sal word.

### 2.1.4 Vrystelling van verpligte Skoolfonds

Sou die Departement besluit om vrystelling vir die volgende jaar beskikbaar te stel, sal 'n vrystelling aan ouers, wat daarvoor kwalifiseer, toegestaan word. Dié bedrag word volgens beide ouers se bruto inkomste bepaal. Die balans van die skoolgelde ***moet*** deur die ouers vereffen word. ‘n Aansoekvorm om vrystelling mag by die skoolkantoor afgehaal word, volledig ingevul, en voor einde Februarie ingedien word.

## 2.2 BUSGELDE

Busgelde betaalbaar vir die onderskeie busroetes kan by die finansiële sekretaresse vasgestel word.

### 2.2.1 Wyse van Betaling

***Net EEN*** wyse van betaling sal aanvaar word, d.w.s. die ***volle*** kwartaal se bedrag moet ***binne die eerste week van elke skoolkwartaal vooruitbetaal word***. Daar sal **GEEN** presedent geskep word nie. Sou 'n ouer / voog vir 'n subsidie kwalifiseer (sien par. 2.1.4 bo-aan), sal hul gelde aangepas word. Ons gebruik 'n busdiens wat nie aan die skool of die Onderwysdepartement behoort nie, en ons moet aan hul betalingsvereistes voldoen.

### 2.2.2 Busroetes:

Kleinmond – Botrivier – Fisherhaven – Hawston;

Gansbaai – Stanford – Voëlklip;

Onrusrivier; Sandbaai en Mount Pleasant.

Leerders word gratis na sportgeleenthede vervoer en die sportorganiseerder is verantwoordelik vir alle vervoerreëlings.

# 3. COURSES OFFERED

## 3.1 JUNIOR SECONDARY COURSE : GRADE 8 and 9

1. Afrikaans Home Language or Afrikaans First Additional Language
2. English Home Language or English First Additional Language
3. Mathematics
4. Life Orientation
5. Natural Sciences (Biology and Science)
6. Human and Social Sciences (History and Geography)
7. Art and Drama or Music
8. Economical Management Sciences (Business Studies & Accounting)
9. Technology
10. Advanced Programme Mathematics (optional)

## 3.2 SENIOR SECONDARY COURSE : GRADE 10, 11 and 12

| | |
|---|---|
| *Compulsory subjects* | Geography |
| Afrikaans Home or First Additional Language | History |
| English Home or First Additional Language | Tourism |
| Mathematics or Mathematical Literacy | Consumer Studies |
| Life Orientation | Business Studies |
| | Engineering Graphics & Design |
| *Choose 3 of the following subjects* | Information Technology (IT) |
| Physical Science | Dramatic Arts |
| Life Sciences | **Dance Studies* |
| Accounting | **Design* |
| Computer Applications Technology (CAT) | **Visual Arts* |
| | **Advanced Programme Maths* |

## 3.3 EXTRA SUBJECTS

The school offers learners the opportunity to take additional subjects in Grade 10, 11 and 12 in addition to the seven core subjects. These are *Dance Studies, Design*, *Visual Arts* and *Advanced Programme Maths* which are taught privately.

## 3.4 GENERAL

Learners may also take Music as an extra subject at a stipulated cost per term payable in advance. This arrangement is possible only if a teacher is available. ONE term's notice must be given in writing to the Principal if a learner wishes to discontinue Music.

## 3.5 MINIMUM REQUIREMENTS for admission to the following:

1. Higher Certificate: National Senior Certificate (NSC)
2. Diploma: NSC + with 3 (Moderate Achievement: 40-49%) in 4 recognised NSC 20-credit subjects.
3. **Bachelor's Degree**: NSC + with 4 (Adequate Achievement: 50-59%) in 4 subjects chosen from the following recognized 20 credit list:

| | |
|---|---|
| Accounting | Languages |
| Business Studies | Life Sciences |
| Consumer Studies | Mathematics / Mathematical Literacy |
| Engineering Graphics & Design | Physical Science |
| Geography | Dramatic Arts |
| History | Music |
| Information Technology (IT) | Visual Arts |

## 3. KURSUSSE AANGEBIED

### 3.1 JUNIOR SEKONDȄRE KURSUS : GRAAD 8 en 9

| | |
|---|---|
| 1. | Afrikaans Huistaal óf Afrikaans Eerste Addisionele Taal |
| 2. | Engels Huistaal óf Engels Eerste Addisionele Taal |
| 3. | Wiskunde |
| 4. | Natuurwetenskappe (Biologie en Skeinat) |
| 5. | Mens- en Sosialewetenskappe (Geskiedenis en Geografie) |
| 6. | Kuns en Drama of Musiek |
| 7. | Lewensoriëntering |
| 8. | Ekonomiese Bestuurswetenskappe (Besigheidstudies en Rekeningkunde) |
| 9. | Tegnologie |
| 10. | Gevorderde Program Wiskunde (opsioneel) |

### 3.2 SENIOR SEKONDȄRE KURSUS : GRAAD 10, 11 en 12

| | |
|---|---|
| *Verpligte vakke* | Geografie |
| Afrikaans Huistaal óf Eerste Add. Taal | Geskiedenis |
| Engels Huistaal óf Eerste Add. Taal | Toerisme |
| Wiskunde óf Wiskundige Geletterdheid | Verbruikerstudie |
| Lewensoriëntering | Besigheidstudies |
| | Ingenieursgrafika en Ontwerp |
| *Kies 3 van die volgende vakke* | Inligtingstegnologie (IT) |
| Natuurwetenskappe | Dramatiese Kuns |
| Lewenswetenskappe | **Visuele Kuns* |
| Rekeningkunde | **Dansstudies* |
| Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) | **Ontwerp* |
| | **Gevorderde Program Wiskunde* |

### 3.3 ADDISIONELE VAKKE

Die skool wil graag aan leerders die geleentheid bied, om bo en behalwe hul tradisionele sewe kernvakke in Gr. 10, 11 en 12, ook addisionele vakke te neem, soos *Visuele Kunste, Dansstudies, Ontwerp en Gevorderde Program Wiskunde* wat deur privaat persone onderrig word.

### 3.4 ALGEMEEN

Leerders kan ook Musiek as ekstra vak teen die vasgestelde tarief per kwartaal, (vooruitbetaalbaar) neem. Indien 'n leerder nie langer Musiek wil neem nie, moet EEN kwartaal se kennis skriftelik aan die skoolhoof gegee word.

### 3.5 MINIMUM VEREISTES vir TOELATING vir die volgende:

1. Hoër Sertifikaat : Nasionale Senior Sertifikaat (NSC)

2. Diploma: NSC + 3 (Matige Prestasie: 40 - 49%) in 4 erkende NSC 20-kredietvakke.

3. **Baccalaureusgraad**: NSC + 4 (voldoende prestasies: 50 - 59%) in 4 vakke gekies uit die volgende erkende 20-kredietlys.

| | | |
|---|---|---|
| Besigheidstudies | Lewenswetenskappe | Wiskunde |
| Geografie | Natuurwetenskap | Wiskundige Geletterdheid |
| Geskiedenis | Rekeningkunde | Dramatiese Kunste |
| Ingenieursgrafika & ontwerp | Tale | Musiek |
| Inligtingstegnologie | Verbruikerstudie | Visuele Kunste |

# 4. SPORT

Sport is an integral part of the school programme and we expect each learner to participate in at least one winter and one summer sport.

Normal practice times are on Tuesdays and Thursdays from 14:15-15:45, as well as on Mondays during the winter months. Occasionally matches take place during the week, but most matches are played on Saturdays. Free transport is provided.

Tours also form an integral part of the sports programme and will take place on a regular basis.

## 4.1 SPORTS offered by the SCHOOL:

**SUMMER**: Athletics, Chess, Cricket (for boys and girls), Golf, Squash, Swimming, Tennis

**WINTER**: Chess, Golf, Hockey (for boys and girls), Netball, Rugby, Squash

## 4.2 SPORTS offered by CLUBS:

Ballet; Bodyboarding; Gymnastics; Horseriding; Karate; Lifesaving; Soccer; Surfing and Indoor Hockey

## 4.3 SPORTSMAN / SPORTSWOMAN of the year

This trophy is presented annually at the Prize-giving ceremony

# 5. CULTURE

Hermanus High School aims to expose its learners to as many cultural activities as possible.

## 5.1 The following are available as a subject / extra subject:

- Visual Arts
- Dramatic Arts
- Music
- Dance Studies

Private educators are employed for the facilitation of these subjects.

## 5.2 The following are available as extramural activities:

- Choir
- Solo singing
- Debating
- Participation in oratory competitions
- Orchestra
- Overberg Eisteddfod
- Bi-annual music production
- Bi-annual Mr and Miss Hermanus High School
- School newspaper

## 5.3 Trophy for Culture

This trophy is awarded each year to the most versatile culture learner.

## 4. SPORT

Sport is 'n integrale deel van die skoolprogram en ons verwag van die leerders om ten minste aan een winter- en een somersport deel te neem. Normale oefentye is Dinsdae en Donderdae vanaf 14:15-15:45, asook Maandae gedurende die wintermaande.

Wedstryde word soms in die week, maar meestal op Saterdae gereël. Vervoer vir wegwedstryde word gratis deur die skool verskaf.

Toere vorm ‘n integrale deel van die sportprogram en vind op gereelde grondslag plaas.

### 4.1 SPORTSOORTE deur skool aangebied:

**SOMER**: Atletiek, Gholf, Krieket (vir seuns en dogters), Muurbal, Skaak, Swem en Tennis
**WINTER**: Gholf; Hokkie (vir seuns en dogters); Muurbal, Netbal; Rugby en Skaak

### 4.2 SPORTSOORTE IN KLUBVERBAND

Ballet; Branderplankry; Gimnastiek; Karate; Lyfplankry; Lewensredding; Perdry; Sokker, Binnenshuis-hokkie

### 4.3 SPORTMAN en/of SPORTVROU van die jaar

Hierdie toekenning word jaarliks op die prysuitdeling gemaak.

## 5. KULTUUR

Hoërskool Hermanus poog te alle tye om die leerders aan soveel as moontlik kultuuraktiwiteite bloot te stel.

### 5.1 Die volgende is as vak of ekstra-vak beskikbaar:

- Visuele Kunste
- Dramatiese Kunste
- Musiek
- Dansstudies

Privaat-opvoeders word vir die aanbieding van dié vakke aangewend.

### 5.2 Die volgende is as buitemuurse-aktiwiteite beskikbaar:

- Koor
- Solosang
- Debat
- Deelname aan redenaarskompetisies
- Orkes
- Overberg Eisteddfod
- Tweejaarlikse musiekproduksies
- Tweejaarlikse Mnr en Mej Hoërskool Hermanus
- Skoolkoerant

### 5.3 Kultuurtrofee:

Hierdie trofee word jaarliks aan die mees veelsydige kultuurleerder toegeken.

## 6. OTHER ACTIVITIES

- CSA
- First Aid
- Interact
- General Knowledge competitions
- Participation in Olympiads

## 7. LEADERSHIP DEVELOPMENT

- Class captain system
- Representative Council of Learners
- Junior Town Council
- Matric Council

## 8. SERVICE PILLAR

A variety of community projects is undertaken by learners annually:

- Soup kitchen
- Santa Shoe Box drive
- Visits to retirement centres/villages
- Easter egg drive for underprivileged children
- Collection and distribution of non-perishables

# 9. COLOUR AWARDS

## 9.1 SPORT

Participants are able to obtain colours in any sport which conforms to the following requirements:

- It must be affiliated to Boland USSASA.
- League competitions must take place with other schools in the Boland on a regular basis.
- Participants must be able to obtain provincial colours in the sport.

Other deserving cases will be presented to the colour committee.

**Requirement for school sports**

(a) The sport must comply with the requirements above;
(b) The participant must represent a provincial team.

## 9.2 ACADEMIC

(a) Requirements for **Half Colours**

i) Grade11 who achieves 75-79% in a complete November exam;
ii) Grade12 who achieves 75-79% in a complete June or September exam;
iii) All grades: exceptional achievements in olympiads, subject competitions, etc. as decided by the committee.

(b) Requirements for **Full Colours**

i) Grade 8 and 9: 90% in a complete November examination;
ii) Grade 10 and 11: 80% in a complete November examination;
iii) Grade 12: 80% in a complete June or September exam.

**Note**: For Grade 8 to 11 only the June and November exam marks are used.
For Grade12 only the June and September exam marks are used.
Grade 8-10 may only be awarded half colours.

**6. ANDER AKTIWITEITE:**

- CSV
- Noodhulp
- Interact
- Vasvra-kompetisies
- Deelname aan Olimpiades

**7. LEIERSKAPONTWIKKELING**

- Klaskapteinstelsel
- VRL
- Junior Stadsraad
- Matriekraad

**8. DIENSPILAAR**

Verskeie gemeenskapsprojekte word jaarliks deur die leerders onderneem:

- Sopkombuis
- Santa “Shoe Box”
- Besoeke aan ouetehuise
- Kerspartytjie by kleuterskole
- Uitdeel van paaseiers vir minderbevoorregtes
- Insamel en uitdeel van nie-bederfbare kos items

## 9. EREKLEURETOEKENNINGS

### 9.1 SPORT

Leerders kan erekleuretoekennings in enige sportsoort verwerf indien die sportsoort aan die volgende vereistes voldoen:

* Dit moet by Boland USSASA geaffilieer wees.
* Daar moet gereeld op ligabasis met ander skole in die Boland meegeding word.
* 'n Leerder moet provinsiale kleure in die sport kan verwerf.
* Ander verdienstelike gevalle sal aan die erekleurekomitee voorgelê word.

**Vereistes vir skoolsport**

(a) Die sportsoort moet aan die vereistes soos hierbo genoem, voldoen.
(b) Die deelnemer moet 'n provinsiale span verteenwoordig.

### 9.2 AKADEMIE

(a) Benodighede vir **Halfkleure**

i) Graad 11 wat in 'n volledige Novembereksamen 75-79% behaal;
ii) Graad 12 wat in ‘n volledige Junie- of Septermbereksamen 75-79% behaal;
iii) Alle grade: wat ‘n besondere prestasies in olimpiades, vakkompetisies ens. na oordeel van die komitee behaal.

(b) Benodighede vir **Vol Erekleure**

i) Graad 8 en 9: 90% in ‘n volledige Novembereksamen behaal;
ii) Graad 10 en 11: 80% in ‘n volledige Novembereksamen behaal
iii) Graad 12: 80% in ‘n volledige Junie- of Septembereksamen behaal;

**Let wel:** Vir Graad 8 tot 11 word slegs November-eksamenpunte gebruik;
Vir Graad 12 tel slegs Junie- en September-eksamens.
Graad 8-10 kan slegs vol erekleure behaal.

### 9.3 CULTURE

Learners must meet a variety of criteria in order to qualify for half-colours (25 points) or full-colours (50 points). The requirements are available from the Head of Culture.

### 9.4 COMMUNITY PROJECTS

Colours will also be awarded to learners for successful participation in and completion of community projects.

## 10. SCHOOL UNIFORM and SPORTSWEAR

**10.1** For information and prices about the correct school uniform and sportswear please contact Land en See (028 312 2889), Main Road, Hermanus, where the items may be purchased. Enquiries about used items may be made at the office.

### 10.2 SCHOOL UNIFORM

For full uniform details and the wearing thereof, see the school's Code of Conduct.

**N.B. Marking of clothing is absolutely essential.**

### 10.3 SPORTSWEAR

Each sport has its own stipulated dress code. Any uncertainty can be discussed with either the educator in charge or the Principal. The issued T-shirt may be worn for practices.

### 10.4 PHYSICAL EDUCATION (Girls and Boys alike)

The issued sport shirt and black or navy sport shorts. (Also worn for Athletics.)

### 10.5 SCHOOL TRACKSUIT

It is desirable for sport and P.E. in winter. The school tracksuit may not be worn to school instead of the uniform.

### 9.3 KULTUUR

Leerders moet aan spesifieke kriteria voldoen om vir halferekleure (25 punte) of vol erekleure (50 punte) te kwalifiseer. Die nodige kriteria vir al die kultuuraktiwiteite is by die kultuurhoof beskikbaar.

### 9.4 GEMEENSKAPPROJEKTE

Erekleuretoekenning vir die suksesvolle deelname aan en uitvoering van gemeenskapsprojekte sal ook aan kwalifiserende leerders toegeken word.

## 10. SKOOLUNIFORM en SPORTDRAG

**10.1** Vir die korrekte skooluniform en sportdrag, sowel as pryse kan by Land en See (028 312 2889) in die Hoofstraat, Hermanus, navraag gedoen en gekoop word. Vir gebruikte klere kan by die kantoor navraag gedoen word.

### 10.2 SKOOLUNIFORM

Vir inligting oor die skooluniform en die korrekte dra daarvan, sien die Gedragskode.

**L.W.: Die merk van klere word as noodsaaklik beskou.**

### 10.3 SPORTDRAG

Elke sportsoort het sy vasgestelde korrekte kleredrag. Enige onsekerheid kan met die betrokke opvoeder of skoolhoof bespreek word. Die verskafte T-hemp kan tydens oefeninge gedra word.

### 10.4 LIGGAAMLIKE OPVOEDING (vir albei Dogters en Seuns)

Die verskafte T-hemp en swart of donkerblou sportbroekie. Ook vir atletiek.

### 10.5 SKOOLSWEETPAK

Dit word ten sterkste aanbeveel dat elke leerder in besit van ‘n skoolsweetpak is. Die skoolsweetpak mag egter nie skool toe gedra word nie.

## SKOOLLIED

Waar bruisend' golf met skuimgeweld
Teen ruwe rotse stry;
Waar branders breek en heen en terug
Oor gladde strande gly;
Waar winde in die veld baljaar
En maanhaar oor die see;
Waar somerson oor stille meer
Die bergekruin betree:
Daar staan my Alma Mater trots,
Daar stry ons hand aan hand.
Hermanus-skool kweek deug en eer
En trou aan Vaderland.

And evermore our aim shall be
to honour Thy good name;
At work and play, what e'er we do -
in all to play the game.
For higher than the towering range
and deeper than the sea,
and wider than the azure sky,
our love for Thee shall be.
So let us all united stand,
let this our motto be:
To face the task and march ahead
To glorious victory.

## VOLKSLIED

Nkosi sikelel; Afrika
Maluphkanyisw' uphondo Iwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela,
thina lusapho Iwayo.

Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke
setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika
South Afrika

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee.

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom
In South Africa, our land.

## SKOOLWAPEN / SCHOOL BADGE